## 4.13 DRUKKERKASETTE

**Bestek: Die beleid verskaf die finansiële reëls en regulasies soos van toepassing met die herwinning van drukkerkasette.**

**Beleid**:

As deel van die US se verbintenis tot die bewaring van die omgewing moet alle drukkerkasette herwin word en mag geen drukkerkasette verkoop word nie. Die US neem reeds sedert 2006 deel aan Hewlett-Packard (HP) se herwinningsprogram. Die volgende afhaalpunte bestaan reeds binne die US:

- FHARGA
- GERGA
- HUMARGA
- NARGA
- Afdeling Aankope en Voorsieningsdienste

Departemente word versoek om sover moontlik van hierdie afhaalpunte gebruik te maak. Departemente kan egter ook self op Hewlett-Packard (HP) se webblad registreer en hulle herwinning bestuur. Meer inligting oor die herwinningsprogram is beskikbaar op **http://www.hp.com/hpinfo/globalcitizenship/environment/recycling/product-recycling.html**